Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1599
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1599
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 81] PRETORIA, 30 MAART / 30 MARCH 1972 [No. 3441

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 80, 1972

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE EN DRUKKERSNAME, 1971 (WET 63 VAN 1971)

Kragtens artikel 16 van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 (Wet 63 van 1971), bepaal ek hierby die 1ste dag van April 1972 as die datum waarop bedoelde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 80, 1972

DATE OF COMMENCEMENT OF THE NEWSPAPER AND IMPRINT REGISTRATION ACT, 1971 (ACT 63 OF 1971)

In terms of section 16 of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 (Act 63 of 1971), I hereby declare that the 1st day of April 1972 shall be the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Tenth day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 506 30 Maart 1972

WET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE EN DRUKKERSNAME, 1971

REGULASIES

Die Minister van Binnelandse Sake het kragtens artikel 13 van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 (Wet 63 van 1971), die volgende regulasies uitgevaardig:

DEFINISIES

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan daar in die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 (hieronder "die Wet" genoem), 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. R. 506 30 March 1972

NEWSPAPER AND IMPRINT REGISTRATION ACT, 1971

REGULATIONS

The Minister of the Interior has, in terms of section 13 of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 (Act 63 of 1971), made the following regulations:

DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, every expression to which a meaning has been assigned in the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 (hereinafter referred to as "the Act"), shall have the meaning so assigned thereto.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

VOORGESKREWE GELDE

2. Die volgende gelde is betaalbaar, naamlik, ten opsigte van:

	R
(a) 'n Aansoek ingevolge artikel 3 van die Wet om registrasie van 'n nuusblad	5
(b) 'n Aansoek ingevolge artikel 10 (1) van die Wet om 'n afkorting in plaas van 'n drukker se volle naam en adres te gebruik	2
(c) 'n Aansoek om 'n gesertifiseerde afskrif van besonderhede in artikel 4 (2) van die Wet bedoel ...	1
(d) 'n Aansoek om 'n gesertifiseerde afskrif van besonderhede in artikel 10 (7) van die Wet bedoel	1
(e) Kennisgewing van verandering van besonderhede in artikel 5 (a) van die Wet bedoel	1
(f) Kennisgewing van verandering van 'n besonderheid in artikel 10 (5) (a) van die Wet bedoel	1

VOORGESKREWE VORMS

3. 'n Aansoek—

(a) ingevolge artikel 3 (a) van die Wet om die registrasie van 'n nuusblad; of

(b) ingevolge artikel 10 (1) van die Wet om 'n afkorting in plaas van 'n drukker se volle naam en adres te gebruik;

moet skriftelik gedoen word in die vorm uiteengesit in Bylae A of B, na gelang watter een van toepassing is, van hierdie regulasies.

VOORGESKREWE BESONDERHEDE WAT VERMELD MOET WORD TEN TYDE VAN KENNISGEWING VAN VERANDERING VAN BESONDERHEDE IN VERBAND MET REGISTRASIES

4. Wanneer iemand die Sekretaris van enige verandering(s) ingevolge artikel 5 (a) of 10 (5) (a) van die Wet in kennis stel, moet sodanige kennisgewing die volgende besonderhede, vir sover dit ter sake is, bevat, te wete:

(a) In die geval van 'n kennisgewing ingevolge artikel 5 (a)—

(i) naam van nuusblad;
(ii) beskrywing van voorgenome aard en inhoud daarvan;
(iii) tussenpose waarmee nuusblad uitgegee sal word;
(iv) volle adres waar nuusblad uitgegee sal word;
(v) volle naam, woon- en besigheidsadres van die eienaar, drukker en uitgewer;
(vi) indien die eienaar, drukker of uitgewer 'n maatskappy of vereniging van persone is, volle name, beroepe en woonadresse van die direkteure, trustees of lede van die komitee of bestuur;
(vii) volle naam en woonadres van bestuurder;
(viii) besonderhede van maatskappye of verenigings van persone waarby die bestuurder belang het;
(ix) volle naam en woonadres van elke redakteur;
(x) volle naam en woonadres van verantwoordelike of hoofredakteur;
(xi) name van enige ander nuusblaaie waarmee 'n redakteur gemoeid is of was, en naam van die betrokke redakteur;

(b) in die geval van 'n kennisgewing ingevolge artikel 10 (5) (a)—

(i) volle naam en adres van saak;
(ii) volle naam en adres van eienaar.

DATUM VAN INWERKINGTREDING

5. Hierdie regulasies tree in werking op 1 April 1972.

PRESCRIBED FEES

2. The following fees shall be payable, namely, in respect of:

	R
(a) An application in terms of section 3 of the Act for registration of a newspaper	5
(b) An application in terms of section 10 (1) of the Act, to use an abbreviation instead of a printer's full name and address	2
(c) An application for a certified copy of particulars referred to in section 4 (2) of the Act	1
(d) An application for a certified copy of particulars referred to in section 10 (7) of the Act	1
(e) Notification of change in particulars referred to in section 5 (a) of the Act	1
(f) Notification of change in any particular referred to in section 10 (5) (a) of the Act	1

PRESCRIBED FORMS

3. An application—

(a) in terms of section 3 (a) of the Act for the registration of a newspaper; or

(b) in terms of section 10 (1) of the Act, to use an abbreviation instead of a printer's full name and address;

shall be made, in writing, in the form set out in Annexure A or B, as the case may be, of these regulations.

PRESCRIBED PARTICULARS TO BE FURNISHED WHEN NOTIFICATION IS GIVEN OF A CHANGE IN PARTICULARS SUPPLIED IN CONNECTION WITH REGISTRATIONS

4. When a person notifies the Secretary of any changes in terms of section 5 (a) or 10 (5) (a) of the Act, such notification shall contain the following particulars in so far as they are applicable, namely:

(a) In the case of a notification in terms of section 5 (a)—

(i) name of newspaper;
(ii) description of the intended nature and contents thereof;
(iii) intervals at which newspaper will be published;
(iv) full address where newspaper will be published;
(v) full names, residential and business addresses of proprietor, printer and publisher;
(vi) if the proprietor, printer or publisher is a company or association of persons, full names, occupations and residential addresses of the directors, trustees or members of the committee or management;
(vii) full name and residential address of the manager;
(viii) particulars of companies or associations of persons in which the manager has an interest;
(ix) full name and residential address of each editor;
(x) full name and residential address of the responsible or chief editor;
(xi) names of any other newspapers with which an editor is or was connected and the name of the editor concerned;

(b) in the case of a notification in terms of section 10 (5) (a)—

(i) full name and address of business;
(ii) full name and address of proprietor.

DATE OF COMMENCEMENT

5. These regulations shall come into operation on 1 April 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BYLAE A

B-1 116

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N NUUSBLAD

[Artikel 3(a) van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971]

Waarskuwing.—Kragtens artikel 6 bis (5) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), verval die registrasie van 'n nuusblad indien die druk en uitgee daarvan nie binne 'n maand na registrasie 'n aanvang neem nie.

L.W. (a) Moet in tweevoud ingevul word.

(b) Voorgeskrewe registrasiegeld van R5 moet elke aansoek vergesel.

A. BESONDERHEDE VAN NUUSBLAD

1. (a) Naam van nuusblad.....
   (b) Beskrywing van voorgenome aard en inhoud daarvan.....
   (c) Uitgegee te word met tussenpose van.....
2. Volledige adres waar nuusblad uitgegee sal word.....

B. BESONDERHEDE VAN EIENAAR(S)

3. (a) Volle naam en besigheidsadres van eienaar.....
   (b) Indien die eienaar 'n individu is, vermeld—
   (i) beroep.....
   (ii) woonadres.....
   (c) Indien die eienaar 'n maatskappy of vereniging van persone is, vermeld volle name, beroepe en woonadresse van die direkteure, trustees of lede van die komitee of bestuur, na gelang van die geval.....
   (d) Besonderhede van maatskappy of verenigings van persone waarby die persone in (b) of (c) genoem, belang het.....

C. BESONDERHEDE VAN BESTUURDER

4. (a) Volle naam en woonadres van bestuurder.....
   (b) Besonderhede van maatskappy of verenigings van persone waarby die bestuurder belang het.....

D. BESONDERHEDE VAN REDAKTEUR(S)

5. (a) Volle naam en woonadres van verantwoordelike of hoofredakteur.....
   (b) Volle naam (name) en woonadres(se) van die ander redakteur(s) as daar is.....
   (c) Name van enige ander nuusblaaie waarmee die verantwoordelike of hoofredakteur of die ander redakteur(s) gemoeid is of was.....

E. BESONDERHEDE VAN DRUKKER

6. (a) Volle naam en besigheidsadres van drukker.....
   (b) Indien die drukker 'n maatskappy of vereniging van persone is, vermeld volle name, beroepe en woonadresse van die direkteure, trustees of lede van die komitee of bestuur, na gelang van die geval.....
   (c) Meld name van ander koerante en tydskrifte wat tans deur die drukker gedruk word.....

ANNEXURE A

B-1 116

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A NEWSPAPER

[Section 3(a) of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971]

Warning.—In terms of section 6 bis (5) of the Suppression o Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), the registration of a newspaper shall lapse if printing and publishing are not commenced within one month after the date of registration.

N.B. (a) To be completed in duplicate.
(b) The prescribed registration fee of R5 must accompany each application.

A. PARTICULARS OF NEWSPAPER

1. (a) Name of newspaper.....
   (b) Description of the intended nature and contents thereof.....
   (c) To be published at intervals of.....
2. Full address where newspaper will be published.....

B. PARTICULARS OF PROPRIETOR(S)

3. (a) Full name and business address of proprietor.....
   (b) If the proprietor is an individual, state—
   (i) occupation.....
   (ii) residential address.....
   (c) If the proprietor is a company or association of persons, state the full names, occupations and residential addresses of the directors, trustees or members of the committee or management, as the case may be.....
   (d) Particulars of companies or association of persons in which the persons mentioned in (b) or (c) have an interest.....

C. PARTICULARS OF MANAGER

4. (a) Full name and residential address of the manager.....
   (b) Particulars of companies or associations of persons in which the manager has an interest.....

D. PARTICULARS OF EDITOR(S)

5. (a) Full name and residential address of the responsible or chief editor.....
   (b) Full name(s) and residential address(es) of the other editor(s), if any.....
   (c) Names of any other newspapers with which the responsible or chief editor or the other editor(s) is/are or was/were connected

E. PARTICULARS OF PRINTER

6. (a) Full name and business address of printer.....
   (b) If the printer is a company or association of persons, state full names, occupations and residential addresses of the directors, trustees or members of the committee or management, as the case may be.....
   (c) Mention names of other newspapers and magazines currently being printed by the printer.....

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

F. BESONDERHEDE VAN UITGEWER

7. (a) Volle naam en besigheidsadres van uitgewer.....

(b) Indien die uitgewer 'n maatskappy of vereniging van persone is, vermeld volle name, beroepe en woonadresse van die direkteure, trustees of lede van die komitee of bestuur, na gelang van die geval.....

Ek doen hierby aansoek om die registrasie van genoemde nuusblad en verklaar dat bovermelde besonderhede na my beste wete en kennis juis is.

Eienaar

Datum:..... Plek:.....

BYLAE B

B-1 120

AANSOEK OM 'N AFKORTING IN PLAAS VAN 'N DRUKKER SE VOLLE NAAM EN ADRES TE GEBRUIK

[Artikel 10(1) van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971]

L.W. (a) Ingevolge artikel 1 van die Wet beteken "drukker" iemand wat 'n saak dryf of bestuur wat drukwerk voortbring.
(b) Die voorgeskrewe bedrag van R2 moet elke aansoek vergesel.

Afkortings in plaas van volle naam en adres in volgorde van voorkeur—

1. .....
2. .....
3. .....

Volle naam en adres van besigheid—

Ek verklaar dat ek 'n drukker kragtens die definisie in artikel 1 van die Wet is en dat bovermelde besonderhede juis is.

Eienaar

Datum:..... Plek:.....

F. PARTICULARS OF PUBLISHER

7. (a) Full name and business address of publisher.....

(b) If the publisher is a company or association of persons, state full names, occupations and residential addresses of the directors, trustees, or members of the committee or management, as the case may be.....

I hereby apply for the registration of the said newspaper and declare that, to the best of my knowledge and belief, the above-mentioned particulars are correct.

Proprietor

Date:..... Place:.....

ANNEXURE B

B-1 120

APPLICATION TO USE AN ABBREVIATION INSTEAD OF A PRINTER'S FULL NAME AND ADDRESS

[Section 10(1) of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971]

N.B. (a) In terms of section 1 of the Act, "printer" means any person carrying on or managing a business which produces printed matter.
(b) The prescribed amount of R2 must accompany each application.

Abbreviations instead of full name and address, in order of preference—

1. .....
2. .....
3. .....

Full name and address of business—

I certify that I am a printer within the definition of section 1 of the Act and that the above particulars are correct.

Proprietor

Date:..... Place:.....

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE VAN 'N NUUSBLAD
CERTIFICATE OF REGISTRATION OF A NEWSPAPER

HIERBY WORD GESERTIFISEER dat die nuusblad getitel
THIS IS TO CERTIFY that the newspaper entitled.....
en uitgegee deur of namens die eienaar
and published by or on behalf of the proprietor.....
geregistreer is kragtens artikel 4 (1) van die WET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE EN DRUKKERSNAME, 1971.
is registered in terms of section 4 (1) of the NEWSPAPER AND IMPRINT REGISTRATION ACT, 1971.....

OP LAS van die Minister van Binnelandse Sake.
BY ORDER of the Minister of the Interior.

Sekretaris van Binnelandse Sake
Secretary for the Interior

Sertifikaat No.....
Certificate
Datum.....
Date
Departement van Binnelandse Sake, Pretoria.
Department of the Interior, Pretoria.

INHOUD

No. BLADSY

PROKLAMASIE

R. 80. Datum van inwerkingtreding van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukwerk, 1971 1

Buitelandse Sake, Departement van

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 506. Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 1

CONTENTS

No. PAGE

PROCLAMATION

R. 80. Date of commencement of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 1

Interior, Department of

GOVERNMENT NOTICE

R. 506. Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 1

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria